Die Afrikaner
Sedert 1970
R10
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2153 29 Januarie 2021

Die ANC-entstofskandaal

Onbeholpenheid, wanadministrasie, swak kwaliteit, buitensporige pryse en talle geleenthede vir diefstal en korrupsie as gevolg van die ANC-bewind se beheptheid met swart bevoordeling, verdraaiings, leuens en bedelary.

Dit is die prentjie wat in Suid-Afrika besig is om te ontvou rondom die inentingsveldtog teen COVID-19, en dit ten spyte daarvan dat die publiek steeds nie formeel ingelig is oor die wetenskaplike voordele of nadele van die beoogde inentings nie. Steeds meer mense voel onseker of hulle enigsins die twyfelagtige entstof van Indië wil ontvang, veral nadat talle sterftes wêreldwyd reeds gerapporteer is nadat mense entstowwe geneem het.

Die tweede vlaag COVID-aanmeldings is baie erger as die eerste een verlede jaar, en die HNP het dit terdeë ervaar toe sy hoofsekretaris, mnr. Louis van der Schyff, 'n slagoffer van dié Sjinese griep geword het.

Ongeag die standpunte oor COVID self, oor die wenslikheid van die entstof al dan nie, het die ANC-bewind se onvermoë om dit te bestuur duidelik geword, en begin daar al hoe meer eenstemmigheid kom dat sy ambisieuse Nasionale Gesondheidsplan nooit van die grond af sal kom nie, tensy dit miljoene lewens in gevaar gaan stel as dit tog teen wil en dank ingestel gaan word.

Die skandaal se begin lê by die laksheid van die bewind om betyds te onderhandel vir entstowwe wat wel op die mark beskikbaar gekom het. Selfs armer lande het dit reggekry om betyds in te klim en entstowwe te kry, terwyl die geld wat in Suid-Afrika vir COVID ingesamel of bewillig is, in private sakke van Covidpreneurs verdwyn het. Cyril Ramaphosa het nou by ryker lande begin bedel om van die entstowwe beskikbaar te stel vir armer lande, maar intussen het talle armer lande hulleself nie aan die laksheid van die ANC-bewind skuldig gemaak nie en gesorg dat hulle dit bekom, én betaal! Nou sê Ramaphosa dat hy bang is vir 'n nuwe "inentingsnasionalisme", wat beteken dat hy vrees dat elke land eers na homself

(Vervolg op bladsy 5)

Goeie nuus is dat groot dele van die land goeie reënval gehad het en damme is besig om vol te loop. Dr. Hendik Verwoerd, wat die argitek van die Oranjerivier-waterskema was, sou seker trots gewees het om te sien hoe die dam wat eens sy naam gedra het, nou vol is en stewig oorloop.

Die Redakteur

Vryheid van spraak?

Dit wil voorkom of die vryhede waaraan mense oor eeue gewoond geraak het, of waarvoor hulle geveg het, een vir een weggeneem word.

Die uitbreek van die Sjinese griep was ‘n handige middel om eers mense bang, amper histeries te maak, om hulle daardeur te kan manipuleer op byna elke denkbare lewensterrein. Inperkings het gevolg, en mense het hulself slaafs onder huisarres laat plaas. Sekere luukshede soos tabak en alkohol is weggevat, en nou word die vryheid van besluitneming ook aangetas met die voorstel dat almal die entstof vir Covid-19 moet neem. Vroue mag aborsies laat ondergaan onder die slagkreet dat hulle oor hul eie liggame mag besluit, maar as mense wil besluit om geen entstowwe in hulle liggame toe te laat nie, kan dit strafbaar word met sekere sosiale sanksies, soos reisverbod of verbod om bepaalde plekke te besoek of byeenkomste by te woon.

Dit is al lank verbode om enigiets negatief oor COVID te sê, veral as dit bepaalde op ons afgeforseerde stellings wil bevraagteken.

Toe dit ook slaag, soos die huisarres, het dit die eienaars van sosiale medianetwerke gesterk in hulle drang om algehele vryheid van spraak in te perk. Seker die beste voorbeeld daarvan was Twitter, wat eensydig net eenvoudig oud-president Donald Trump van Amerika se rekening permanent gesluit het. Trump mag nie meer praat nie.

Terselfdertyd het WhatsApp ook met nuwe gebruiksvoorwaardes vorendag gekom, wat nog nie direk dui op inperking van vryheid van spraak nie, maar wel reeds inbreuk maak op privaatheid, wat ‘n reg is gelykstaande aan die reg van vryheid van spraak. Facebook het al ‘n geruime tyd gelede begin om veral nasionalistiese groepe of standpunte die mond te snoer. Elke swart rassis of kommunis mag die sosiale media gebruik om hulle opruiende en dikwels openlik anti-blanke sentimente die wêreld in te stuur, maar sodra daar ‘n nasionalistiese klankie deurkom, slaan die sensuur toe. Trump was seker die bekendste voorbeeld daarvan.

Ook in Suid-Afrika bestaan daar nie meer werklik mediavryheid en vryheid van spraak nie. Dit was lankal duidelik by die Afrikaanstalige openbare uitsaaier, RSG. Sekere omroepers het op hul aktualiteitsprogramme onverbloem en hinderlik onprofessioneel uit hul pad gegaan om te kyk of hulle ‘n stok kon kry om Donald Trump mee by te kom.

Toe kom die voormalige aanbieder by RSG, Izak du Plessis, met die sak patats vorendag op sy Facebook. Hy sê die sogenaamde hoofstroommedia word dikwels uitgehaal oor hulle skeeftrekkings en huil dan lang trane omdat niemand die moeilike werk van 'n joernalis verstaan nie.

Hy haal dan aan wat Donald Trump in sy klein afskeidsboodskap voor sy vertrek Florida toe gesê het. Hy bedank sy familie vir hulle harde werk en veral sy vrou Melania. "She is so popular with the people, so popular with the people," sê hy voor hy haar geleentheid gee om te praat.

Netwerk24 vertaal dit so: “Ek is so gewild onder die mense, so gewild.”

Hy sê dit is een van die menige voorbeelde van hoe skeef die media Donald Trump uitgebeeld het. Maar dan kom hy met die eintlike skande van media manipulering vorendag: *“Ek onthou by Monitor en Spektrum hoe ek menigmaal 'n gesprek met my redakteur gehad het omdat ons die heeltyd daarop uit was om negatief oor Trump te berig. Nie een keer het ons by daai radiostasie berig oor 'n oplewing in die ekonomie of 'n positiewe ding wat Trump gesê het nie. Nee wag, ons het een keer, ek het met Rhoda Kadalie 'n onderhoud gehad waarna Theo Venter my in 'n WhatsApp of twee uitgetrap het omdat ek dit durf waag het om iets positief oor Trump te laat uitsaai.*

“Ek is self in die bedryf, maar laat ek jou sê, daar is net een ding erger en heiliger as 'n dominee, en dis 'n joernalis... die meeste van ons is maar arrogante donners wat dink ons is te slim vir die wêreld. Laat niemand tog vir ons iets vertel nie, laat niemand ons tog kritiseer nie, ons is die handhawers van openbare belang, die hekwagters van die demokrasie.”

En dan sluit Du Plessis af dat hy tans aan 'n boek skryf oor iemand wie se hele lewe vernietig is deur joernaliste se arrogante aanspraak dat hulle die openbare belang dien. *“Se gat man, hulle "copy en paste" skaamteloos, senior, vermaarde joernaliste, "celebrity" joernaliste in SA, nie een nie, nie twee nie. En dan wil hulle hul beroep op persvryheid as die onderwerpe van hulle stories wil terugslaan. Dit het lankal tyd geword dat joernaliste so klein bietjie minder van hulself dink,”* skryf Du Plessis, self ‘n joernalis.

En dit is hierdie mense wat hulleself aangestel het as “meningsvormers” en dit werklikwaar regkry om mense te beïnvloed soos hulle wil.

Wanneer iemand die ander kant van die saak wil stel, is daar ‘n Menseregte Kommissie wat onmiddellik wil inmeng en ‘n saak van sogenaamde haatspraak wil uitmaak, ongeag of dit die waarheid is of nie.

As daar een vryheid is wat ons nooit mag opgee nie, is dit vryheid van spraak. Vandag word ons monde gesnoer oor nasionalisme, môre oor godsdiens, en waar gaan dit dan ophou?

Groot geld vir “skoon” skole

Skole in wat die ANC die Gauteng-provinsie noem, behoort nou deeglik skoon te wees en geen COVID-gevalle behoort meer aangemeld te word nie. Skole kan daarom ook maar onmiddellik heropen, is die gevoel van talle ouers.

Dit kan, nadat dit aan die lig gekom het dat die Gautengse onderwysdepartement, onder leiding van sy Afrikanerhater LUR, Panyaza Lesufi, ‘n allemintige R431 miljoen vir die ontsmet van skole in die provinsie bestee het. Die geld is in net drie maande, Junie tot Augustus 2020, bestee. Dit wil ook voorkom of daar in September ‘n verdere bedrag van R98 miljoen bestee is om skole skoon te maak. Dit is dan ‘n totaal van R529 miljoen. Daar is net meer as 2 800 skole in die provinsie, wat dus beteken dat daar gemiddeld ongeveer R189 000 per skool spandeer is.

In wat beskou word as ‘n rookskerm het Lesufi nou ‘n ondersoek gelas, maar politieke waarnemers is nie optimisties dat enigiemand aan die pen gaan ry nie, en dat dit nog net ‘n geval van Covidpreneurs is wat hulle sakke vul.

Skynbaar was ongeveer 28 verskillende “diensverskaffers” betrokke en talle van hulle is klaarblyklik rakmaatskappye volgens die name en is dus waarskynlik onlangs eers gestig.

Intussen het die VF Plus die Openbare Beskermer gevra om vas te stel of diepreiniging by skole werklik plaasgevind het, of dit werklik nodig was, of die aksies onreëlmatig was, of die maatskappye aan wie die tenders toegeken is in staat was om die dienste te lewer, wie in beheer van die maatskappy is, wanneer die maatskappy gestig is en of dit nie 'n selfverryking-strategie was nie.

Kortliks

Ivermektien kan gebruik word

Nadat ***Die Afrikaner*** se voorbladberig reeds geset was, het die nuus gebreek dat die Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte (Sahpra) die gebruik van Ivermektien in beheerde omstandighede vir die behandeling van COVID-19 goedkeur. Binne die volgende paar dae sal riglyne vir die gebruik van die middel gepubliseer word. Die gevoel is egter dat die beheerde omstandighede steeds te beperkend is.

Nog flagrante swart bevoordeling

Swart sakelui gaan die grootste voordeel trek uit die pas gestigte Toerisme-ekwiteitsfonds. Dié fonds van R1,2 miljard is bedoel om die toerismesektor te help om weer op die been te kom na die verwoestende gevolge van die COVID-inperkings op dié bedryf. Cyril Ramaphosa het dit egter duidelik gestel dat die doel van die fonds is om swart besighede te help om “winsgewend te raak” en swartes aan te moedig om in die bedryf betrokke te raak. Die blanke ondernemings wat swaarkry of selfs onder gegaan het, moet maar self sien kom klaar.

Swart bevoordeling in werking

African Bank het aangekondig dat hy ‘n verlies van R27 miljoen gely het tussen Oktober 2019 tot September 2020. Die bank se bestuurshoof en eerste swart vrouehoof van ‘n bank, Basani Maluleke, het die hasepad gekies en bedank, en nou moet die finansiële hoof, Gustav Raubenheimer, as tussentydse bestuurshoof haar kastaiings uit die vuur probeer krap. Vir ‘n verandering het nie apartheid nie, maar COVID, die skuld vir die verlies gekry.

Intussen het aanklaers in die VBS-bankskandaal aangekondig dat nog inhegtenisnames verwag kan word in verband met die plundering van ongeveer R2 miljard rand van die bankrot bemagtigingsbank. Sover het sewe beskuldigdes in die Handelsmisdaadhof in Johannesburg verskyn op 47 aanklagte van bedrog, geldwassery en rampokkery.

Om *Die Afrikaner* uit te gee, kos geld.
Met u finansiële bydrae kan u ons help om daarin te volhard.
Ondersteun ons asseblief!

- Skenkings kan inbetaal word op die HNP se bankrekening. Die besonderhede is soos volg:
  Absa Tjekrekening. Naam van rekening: **HNP**
  Takkode: 632 005 Rekeningnommer: **020 001 348**
  Verwysing: **U Van en Voorletters**
  Stuur bewys van betaling na admin@hnp.org.za

Buiteland



Tweede burgeroorlog vir Amerika?

Die linkse Joe Biden het oorgeneem as president by Donald Trump, en sy eerste uitvoerende opdragte wat hy geteken het, het nie gehelp om sy gewildheid by Amerikaners te laat toeneem nie. Inteendeel.

Biden het halsoorkop begin opdragte uitvaardig in ‘n poging om Trump se spore as president dood te vee. Hy het onder andere bepaal dat die werk aan die Meksikaanse muur gestaak moet word, en dit het gelei tot die werksverliese van duisende Amerikaners. Hy het Trump se instromingsbeheer herroep, met die gevolg dat vreemdelinge Amerika weer kan oorspoel, en hy het dit ook makliker gemaak vir vreemdelinge om Amerikaanse burgerskap te bekom. Sy aansoek om weer toegelaat te word by die klimaatsverdrag, gaan Amerika miljoene dollars per jaar kos, en belastingbetalers gaan daarvoor moet opdok.

Die Amerikaanse bevolking is erg verdeeld, veral omdat daar steeds hardnekkige gerugte is dat daar geknoei is tydens die presidentsverkiesing. Alhoewel Trump geen bewyse in enige van sy hofsake oor die uitslag kon aanbied nie, kom daar tog nog bewerings tot dien effek na vore. ‘n Italiaanse prokureur het ‘n beëdigde verklaring bekom van amptenare wat sê dat daar vanuit Italië geknoei is met die elektroniese uitslae van Amerika.

Skynbaar is die Amerikaanse weermag op hoogte hiervan, en dit wil voorkom of die weermag nog baie Trump-gesind is. Bronne binne die weermag sê dat hulle net wag dat Biden se gewildheid ‘n dieptepunt bereik as gevolg van sy ongewilde uitvoerende opdragte voordat hulle sal ingryp. Watse ingryping beplan word, is tans onseker.

Trump het steeds baie volgelinge, en die klagtes wat teen hom ingebring is, kan net die vonk in die kruitvat wees vir sy ondersteuners as hy skuldig bevind sou word. Die beskuldigings teen hom is dat hy mense sou opgesweep het om die kongresgebou te bestorm en te beskadig, alhoewel daar steeds meer getuienis kom dat dit nie gedoen is deur konserwatiewe Republikeine nie, maar dat die verlinkse anti-fascistiese beweging (Antifa) daaragter gesit het om Trump in diskrediet te bring.

Verskeie state het ook na die moontlikheid begin kyk om uit die verenigde state te tree en op hul eie te gaan as gevolg van ontevredenheid.

Dat Donald Trump homself nog nie op die agtergrond laat rangeer nie, het duidelik geword toe hy amptelik ‘n “Kantoor van die Voormalige President” geopen het, wat sy optredes, verklarings, korrespondensie en standpunte sal hanteer.

Al hierdie woelinge kan daartoe lei dat Amerika weer in ‘n burgeroorlog kan beland aangesien die kloof tussen links en regs groter is as ooit tevore.

Buitelanders maak moles in Nederland

Nederland se sogenaamde “gedoogbeleid” teenoor vreemdelinge, het nou lelik in sy gesig ontplof toe veral Marokkane verskeie stede in die land op horings geneem het.

Onluste het ‘n paar nagte agtermekaar uitgebreek toe Marokkane stede soos Amsterdam, Rotterdam, Haarlem, Amersfoort en Den Bosch op horings geneem het uit protes teen die aandklokreël wat onlangs in dié land ingestel is. Arrestasies is ook in die Limburgse dorp Geelen gemaak.

Nadat daar ‘n tweede golf COVID-gevalle uitgebreek het, het die Nederlandse regering ‘n aandklokreël ingestel. Waar die Nederlanders self wetsgehoorsame burgers is, is dit totaal anders met die vreemdelinge en sogenaamde asielsoekers wat die land oor die jare binnegekom het. Hulle was nie bereid om hulle nagtelike ongemaskerde partytjies te laat vaar nie, en het met erge betogings begin waartydens eiendom beskadig is terwyl polisielede aangeval is. Die optrede is soortgelyk aan die sogenaamde dienslewering protesoptredes in Suid-Afrika.

Die leier van die Partij voor Vrijheid (PVV), Geert Wilders, het die eerste minister, Marc Rutte, gevra om die weermag in te stuur om die gewelddadige betogers onder beheer te bring.

HNP se landposadres

Posbus 18826,
Pretoria-Noord, 0116

Entstof

(Van bladsy 1)

gaan kyk voor hy ‘n aalmoes in Ramaphosa se bak hand gaan gooi.

Uiteindelik is ‘n entstof uit Indië bekom. Indië het dit nie ontwikkel nie, maar vervaardig skynbaar ander lande se produkte. Dit is wel bekend dat ander entstowwe ‘n geraamde 95% sukses kan behaal, terwyl dié uit Indië ‘n skynbaar minderwaardige produk is met slegs 70% slaagsyfer om die COVID te stuit. Suid-Afrika sou ook entstowwe kon vervaardig, want kundiges meen dat die land die kundigheid daarvoor het. Die geld is egter op, en nou word die vrae gevra waarheen die geld verdwyn het, of eerder: in wie se sakke het die geld verdwyn? Die feit dat daar nou bestellings uit Indië kom, laat die vermoede ontstaan dat die uitgeweke en omstrede Gupta-familie dalk weer ‘n belang iewers in die transaksie kan hê.

Nou word daar voorbrand gemaak dat daar ‘n eenmalige belasting gehef moet word om vir die entstof te betaal waarvan iemand reeds die geld gesteel het. Dit is dus weer ‘n geval van rykdomkaping, aangesien dit slegs die handjievol hoofsaaklik blanke belastingbetalers gaan wees wat die sogenaamde agtergeblewe, maar huidig bevoordeelde, gemeenskap sal moet subsidieer.

Dit terwyl peilings duidelik wys dat ongeveer 67% van die blanke bevolking geen vertroue in die entstof het en dit daarom nie gaan neem nie. Intussen word die vrees vir die entstowwe verhoog deur berigte dat dit heel moontlik nie veilig is nie, veral nie vir die sogenaamde hoërisiko groepe nie. In Noorweë is 33 mense al dood nadat hulle die hoog aangeskrewe Pfizer-entstof ontvang het. Australië is daardeur op sy hoede gebring en soek nou meer inligting oor die produk. Sterftes is ook aangemeld in Duitsland en Israel, terwyl Hong Kong ook nie gerus is nie en ook besig is met verdere ondersoeke. In Placer in die Amerikaanse staat, Kalifornië, word die dood ondersoek van ‘n persoon wat oorlede is nadat die entstof toegedien is. En in Duitsland het die gesaghebbende *Handelsblatt* ‘n vraagteken geplaas oor die Oxford ontwikkelde entstof Astra-Zeneca se doeltreffendheid vir mense bo 65 jaar. Volgens *Handelsblatt* sal slegs ‘n skamele 8% mense bo 65 jaar deur dié middel beskerm word. Natuurlik word dit deur die maatskappy ontken, maar waarnemers meen daardie ontkenning is nie veel werd nie. Voorbrand word nou gemaak dat entstof verpligtend gaan wees, of anders gaan mense wat nie geënt is nie, bepaalde inperkings moet verduur, soos ‘n verbod om te reis of ‘n beletsel om bepaalde samekomste by te woon. Daar word reeds gepraat van ‘n COVID-paspoort, waarsonder internasionale reise nie moontlik gaan wees nie.

Intussen speel politiek weer ‘n enorme rol in die entstof-sage. Israel wik en weeg tussen die Amerikaanse Pfizer-produk, of die Sjinese Sinopharm produk, en dit wil voorkom of die beste politieke belang Israel se besluit sal beïnvloed, veral nadat Donald Trump nie meer aan stuur van sake in Amerika is nie. Dit was Trump wat heel eerste Jerusalem as Israel se hoofstad erken het, en die vermoede is dat die nuwe verlinkse Joe Biden daardie erkenning sal herroep. Dit kan Israel se besluit ten gunste van Sjina swaai.

Daar is ook toenemend getuienis dat ‘n middel, wat tans net vir dierlike gebruik geregistreer is, Ivermektien, verstommende resultate van selfs bo 90% behaal. Verskeie dokters skryf dit reeds aan pasiënte voor maar loop nou die risiko om vervolg te word omdat dit nie vir menslike gebruik amptelik goedgekeur is nie. Die ANC-bewind het tot dusver nog niks gedoen om die aansprake oor Ivermektien te ondersoek nie.

In Suid-Afrika word die ANC-bewind se beheptheid met swart ekonomiese bevoordeling weer eens duidelik, nadat Ramaphosa aangedui het dat die swart bevoordeelde maatskappye voorgetrek sal word met die verspreiding van die medisyne. Die geskiedenis het al geleer dat die meeste van hierdie bevoordeelde kader-maatskappye uitblink in onbekwaamheid, met die gevolg dat dié aankondiging van Ramaphosa geensins vertroue inboesem nie. Bowendien is daar uiters streng bewaringvereistes vir die entstof. Dit moet skynbaar naby minus 70 grade Celcius geberg word – iets wat in Suid-Afrika onder die beste omstandighede reeds feitlik onmoontlik is en met Eskom se beurtkrag, totaal onmoontlik gaan wees.

Asof dit alles nog nie genoeg is nie, is daar reeds in Amerika en Engeland ondersoeke gedoen na vals COVID-entstowwe. In ‘n land soos Suid-Afrika waar misdaad hoog is, en bedrog en vervalsing nie vreemd is aan die bestel nie, is dit baie moontlik dat daar ‘n goeie ondergrondse netwerk van hierdie soort entstowwe kan ontwikkel, soos die geval was met sigarette en drank tydens die inperkings.

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898

Redakteur: Mnr Henk van de Graaf info@hnp.org.za

Uitleg en tegniese versorging: Juanita Powroznik

Medewerkers: Mnr Andries Breytenbach
Mnr Hermanus van der Schyff
Mnr Rudolf Buitendach
Dr. Gideon Grobler

So is ons verraai (34)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (24)

Wit politiek in die gedrang: oorlewing, paleisrevolusie, valse ondernemings

Geknou soos die land in daardie stadium was, en teen alle waarskynlikheid in, het Suid-Afrika teen 1987/88 weer eens wonderbaarlik oorleef. Dit het in Maart 1987 begin toe die eerste van talle herskedulerings met oorsese krediteure beding, die skuldstilstand beëindig en die terugbetalingstermyne verleng is. Die land se herstelde kredietwaardigheid het spoedig tot verbetering van die ekonomie gelei (*Davis, D.M. et.al.: 20; The Multinational Monitor, September 1988, Vol.9*).

In die Grensoorlog was SWAPO verder as ooit van 'n oorwinning. Die Angolese burgerlike konflik het verhewig en het in 'n reeks volskaalse konvensionele veldslae ontwikkel, waarin 'n Suid-Afrikaanse gevegsgroep van 3 500 soldate — tienvoudig oortref deur die getal vyandelike troepe — en hulle UNITA-bondgenote, 'n moderne toegeruste mag van 45 000 Kubane, 7 000 PLAN- en 18 000 MPLA-soldate, 5 000 Sowjet- en Oos-Duitse instrukteurs en 2 500 Noord-Koreane, tot stilstand gedwing het. Genl. Rafael del Pino Diaz, senior beplanner van Kubaanse strategie in Angola, het erken dat die Suid-Afrikaanse Weermag hom verslaan het. Dit alles terwyl die Suid-Afrikaanse teenrevolusionêre veldtog in die binneland tot so 'n mate geslaag het dat die ANC by die Arusha-konferensie van Desember 1987 erken het dat sy "people's war strategy" misluk het (*Stadler 1989: 26; Norval, M.:209; Venter: 123, 140-141, 288; Bridgland: 70-355*).

In sy eie kieserskorps het die NP egter al meer probleme ondervind. Die vertrouenskok wat onder sy eie ondersteuners posgevat het, het voortdurend gegroei, en in die algemene verkiesing van 1987 het die Konserwatiewe Party 23 uit die 166 setels in die parlement verower. Daarmee het dié party die amptelike opposisie geword. Op hulle beurt het die "verligtes" in die topgeledere van die NP se ongeduld met PW Botha al groter geword, omdat hy nie die "Rubicon" wou oorsteek nie en uiteindelik het sy kabinet hom versaak. Vroeg in 1989 het hy 'n beroerte gehad, waarna hy as leier van die NP bedank, maar as Staatspresident aangebly het. Op 14 Augustus 1989 het Botha 'n ernstige konfrontasie met sy ministers gehad waartydens hulle hom gevra het om as Staatspresident te bedank. Hy had geen keuse as om aan die druk van sy kabinet toe te gee nie, want deur sy vroeëre bedanking as leier van die NP het hy homself sonder 'n ondersteuningsbasis gelaat en 'n "paleisrevolusie" moontlik gemaak. Hy het onmiddellik bedank en is deur FW de Klerk as Staatspresident opgevolg (*Prinsloo: 390-420*).

Minder as 'n maand later, op 6 September 1989, het De Klerk 'n mandaat van die Blanke kiesers gevra en verkry om voort te gaan met hervorming wat op "magsdeling" met die swart bevolking gemik was. Hy het beklemtoon dat "magsdeling" nie sou beteken dat wit dominansie met swart dominansie vervang sou word nie; inteendeel, elke rasgroep (insluitend die blankes) sou seggenskap oor sy eie sake hê deur die beskerming van "groepsregte. "Alle gemeenskappe wat dit sou verkies, sou die reg hê om voort te gaan met hulle eie gemeenskapslewe in eie skole en woongebiede. Dít sou die "nuwe Suid-Afrika" wees: die produk van 'n onderhandelde skikking met leiers van ander bevolkingsgroepe, insluitend die swartes.

De Klerk het verder sy kieserskorps verseker dat die resultaat van hierdie onderhandelinge en die voorstelle vir 'n nuwe bedeling aan die kiesers voorgelê sou word vir goedkeuring. Slegs dan sou hy van die bestaande politieke orde afwyk. Sou die kiesers die grondwetlike voorstelle wat tussen die NP en die swart leiers bereik mog word, afkeur, sou die regering terugkeer na die tekenbord ("go back to the drawing board" in De Klerk se eie woorde).

De Klerk en die leierskorps van die NP het hulle oor en oor, voor, gedurende en ná die verkiesing tot hierdie beginsels verbind (*Manifes van die Nasionale Party, Verkiesing 6 Mei, 1987: 3; Voorgestelde Aksieplan van die Nasionale Party, Verkiesing 6 September 1989: 1-5; Vyfjaar Aksieplan van die Nasionale Party 1989-'94: 1-2; NP Nuwe Aksie – KERNFEITE! Verkiesing 6 September 1989:1-2; Aksiemandaat van*

(Vervolg op bladsy 7)

Majuba herdenk sonder ‘n fees

Die amptelike jaarlikse Majubafees, wat altyd die laaste naweek van Februarie plaasvind, het in die slag gebly as gevolg van die ANC-bewind se dikwels onbegryplike inperkingsmaatreëls.

Majuba is jaarliks ‘n opelugfees, waar duisende Boere-Afrikaners byeenkom om die historiese Slag van Majuba op 27 Februarie 1881 te herdenk. Tydens daardie veldslag is die Britse mag onder genl. Colley verslaan terwyl Colley self ook die lewe gelaat het. Dit was slegs die tweede Britse generaal wat in dié land se geskiedenis op ‘n slagveld gesneuwel het. Daarom was dit ‘n bitter pil vir die Britte om te sluk, maar daarmee is ook die Eerste Vryheidsoorlog in die guns van die Boere beklink.

Aangesien groot byeenkomste in terme van die COVID-regulasies verbied is, sal daar geen amptelike program wees nie.

Tog het talle mense aangedui dat hulle tog die naweek op Majuba gaan uitkamp in die gesonde buitelug, en waarskynlik sal die berg ook uitgeklim word deur die kampeerders.

Die Verkennersbeweging het sy jaarlikse werksnaweek op Majuba voortgesit, om noodsaaklike instandhoudingswerk te doen en seker te maak dat die fasiliteite vir kampeerders verbeter en op datum bly.

Apartheid

(Van bladsy 6)

die Nasionale Party, 1990: 8; Die NP se antwoord op kwelvrae en wanvoorstellings: 2-7; Hansard 17 April 1990 kolom 6529-6530, Hansard 10 Mei 1990 kolom 8540; Hansard 1 Februarie 1991 kolom 7; Hansard 4 Februarie 1991 kolom 71, 92; Hansard 24 Januarie 1992 kolom 37-38).

Op die ou einde het De Klerk en die NP egter ieder en elk van hierdie ondernemings verbreek. Die Boere-Afrikaners was toe salig onbewus daarvan dat September 1989 die laaste keer was dat hulle stemme enige uitwerking op die uitslag van ’n Suid-Afrikaanse verkiesing sou hê en dat die volgende bedeling in baie opsigte presies die teenoorgestelde sou wees van die prentjie wat die NP tydens die 1989 verkiesing aan hulle voorgehou het.

Ten spyte van al die beloftes wat die NP gemaak het, het dié party die grootste terugslag ooit sedert 1948 aan die hand van Boere-Afrikaners beleef. Min of meer die helfte van hulle het die regerende party verwerp en vir die KP of HNP gestem. In ’n skamele twee jaar en ten spyte van ’n voortdurende, oordonderende propagandaveldtog teen die “regses”, het die KP hulle aantal setels in die parlement byna verdubbel na 41. ’n Groot gedeelte van die Engelssprekende kiesers het hulle egter nou by hulle voormalige aartsvyand geskaar en vir die NP gestem.Sodoende is vir die verliese in die NP se tradisionele steunbasis vergoed.

Die regerende party was dus terug in die kussings en die kiesers was in ’n strik vasgevang: ’n maand nadat hy herverkies is, het De Klerk die senior leiers van die ANC/SA Kommunistiese Party soos Walter Sisulu uit die tronk vrygelaat sonder om enige beperking op hulle politieke aktiwiteite te plaas. Die verbanne organisasies is dus op ’n slinkse wyse ontban deur die relevante wetgewing te systap, sonder dat ’n haan daarna gekraai het. Die tafel was gedek vir regering in stryd met die land se eie wette — ’n taktiek wat De Klerk en die NP weer in die kritieke tyd wat voorgelê het, sou volg.

Op 13 Desember 1989 het De Klerk vir Nelson Mandela, wat amptelik steeds ’n gevangene was, vir die eerste keer in die geheim ontmoet. Mandela het sonder om doekies om te draai, aan De Klerk dikteer wat vir die ANC aanvaarbaar en nie aanvaarbaar nie sou wees. Hierdie enkele ontmoeting was al wat Mandela nodig gehad het om De Klerk van sy en die NP se beleid van die “groepregte” — die oorheersende element van die mandaat wat die kiesers skaars drie maande tevore aan De Klerk gegee het — te laat afsien (*Mandela: 662-665*). Die resultate van hierdie “onderhandelings” met die ANC sou nooit aan De Klerk se kieserskorps vir goedkeuring voorgelê word nie... en die volgende algemene verkiesing sou nie net veelrassig wees nie, maar ook ’n bisarre, onordelike en bekonkelde gemors met ontelbare ongerymdhede en ’n uitslag waarin die Boere-Afrikaner se stem hoegenaamd geen verskil gemaak het nie.

(Word vervolg)

Woord en wêreld

:"...Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My,..."



Skrifgedeelte: *Mat 7:21-23: Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!*

Oordenking: Wie van ons kan onsself méér ontstellende woorde as hiérdie van Christus indink? Dit is duidelik geloof woorde (dalk meer korrek om van godsdienstige woorde te praat). Duidelik "kerklik" aktiewe mense waarvoor Christus omdraai en sê: "...Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My,... !!"

Die ruimte laat ons nie toe om uit te brei oor die saak nie, maar kan daar 'n vraag wees waarvan ek méér seker moet maak as dit?

Kortom: Richard Wurmbrandt sê sy pa het altyd gesê daar is twee soorte gelowiges: die wat glo en dié wat glo hulle glo. In my sendingwerk het ek geleer daar is gelowiges en die wat goed afgerigte godsdienstiges is (hulle glo hulle glo).

Dr. Gideon Grobler

Glo ek omdat Christus die hart van klip uit my binneste vervang het met 'n hart van vlees (Esegiël) of omdat ek die besluit geneem het, gekies het? Die toets sal in die uitlewing van my geloof Godsdiens sigbaar word. Indien ek nie absoluut seker is nie, kom by iemand wat kan help!

Gebed: *Vader, maak dit asseblief onrustig in my hart as ek verkeerd glo en indien korrek, alles oorheersende sekerheid in Christus asseblief! AMEN*

Moeg vir die stad en sy gejaag?

Breek weg vir 'n naweek, middeweek of vakansie by

Voorbegin Bosveldverblyf

Ongeveer 25km vanaf Warmbad, onder die pragtige Waterberge. Beleef die rustigheid van die pragtige Bosveld in ons volledig toegeruste selfsorg chalét, waar kleinwild hulle amper op jou braaiplek tuismaak, en waar ons die lekker Bosveldhout en tuisgebakte beskuit boonop gratis voorsien.

Prys: R799 per nag vir die hele Chalét (maksimum 4 persone). **(Pensionarisse en lesers van *Die Afrikaner* kry spesiale afslag!)**

Skakel ons by 076 563 3800 of bespreek by **vandegraafhenk@gmail.com** of besoek ons op Facebook.

SELFMOORD NIE ’n OPLOSSING NIE

Dolf Buitendach

Deur deeglik na die bevolkingsinligting van die Departement van Statistiek te kyk kan daar sekere belangrike gevolgtrekkings gemaak word.

Die totale inwoners in Suid-Afrika (afgerond tot naaste duisend), word aangegee as 59 623 000. Swartes is 48 154 000 (80,8%), kleurlinge 5 248 000 (8,8%), blankes 4 680 000 (7,8%) en Indiërs/Asiërs 1 541 000 (2.6%).

Let ons op die bevolkingsaanwas staan swartes op 1,60%, kleulinge op 1,20%, blankes op -0,33 en Indiërs/Asiërs 1,23%.

Alhoewel swartes en Indiërs/Asiërs se bevolkingsgroei aangevul word met nuwe inkomers in die land het hulle vanself ook ’n gesonde geboorte-aanwas. Die kleurlinge se aanwas vind hoofsaaklik binne eie geledere plaas en vergelyk goed met die twee vooraf genoemde groepe. By die blankes is daar eerstens die groep wat die land verlaat, maar die geboorte-aanwas is ook uiters teleurstellend; ’n negatiewe groei dui aan dat die toekoms donker is tensy daar met erns aan groter gesinne gebou kan word. As ons bekommerd is oor ons kinders se toekoms is groter gesinne noodsaaklik.

Kyk ons na die ouderdomsamestelling vir persone 44 jaar en jonger verteenwoordig swartes 84,3%, kleurlinge 8.3%, blankes 5,2% en Indiërs/Asiërs 2,2%. Dit maak die bevolkingsverdeling dus selfs nog swakker deurdat die blankes samestelling beter is bo 44 jaar ouderdom. Linkses het in die verlede altyd sarkasties gereageer as daar ’n beroep op ons volk gedoen is vir meer kinders; selfs die linkses vorm nou deel van die bedreigde groep. Ons soek meer kinders! Hulle is pragtig en ’n vreugde in elkeen van ons se lewens.

Ons sal in ’n volgende artikel ’n ontleding doen oor ons volk se samestelling in die onderskeie provinsies.

Regering gooi R60 miljard weg

Die regering het R60 miljard van sy potensiële inkomste weggegooi deur sy verbod op drankverkope. Die drankbedryf sê hy is op die rand van ‘n algehele ineenstorting en vra dat die verbod dringend opgehef word sodat die sektor kan oorleef. Hulle sê daardie R60 miljard sou gebruik kon word om entstowwe aan te koop.

HUTTEN-BUCHDIENST

Posbus 7234, Pretoria, 0001
Vuurklipstraat 541, Die Wilgers
www.hutten.co.za
hutten.buchdienst@gmail.com
012 807 0434

Die Afrikaner

As gevolg van Swart bevoordeling in die ekonomie, verloor Witmense deurlopend hulle werk of bestaande kontrakte. Diesulkes moet 'n manier kry om die pot aan die kook te hou.

Kom ons as blanke sakemanne vat hande en ondersteun mekaar: ek help jou en jy help my.

Hoe doen ons dit?

Vir slegs R300 per maand is ons bereid om u sake-onderneming te adverteer.
U stel self die advertensie in Afrikaans op (10cm X 6cm) en stuur dit aan
admin@hnp.org.za

Ons plaas u advertensie

1. in elke uitgawe van ***Die Afrikaner***,
2. een maal per week op ***Die Afrikaner*** se Facebook-blad, en
3. stuur dit een maal per week per e-pos aan 'n lys van mense met e-adresse. (Die lys het tans ruim meer as 1000 adresse en groei deurlopend.)
4. Teken u op ***Die Afrikaner*** in om elke uitgawe van die blad te ontvang (per landpos of e-pos: u keuse) vir solank as wat u adverteer.

Afrikaners help mekaar!
Is u bereid om deel van dié te word?

Skakel gerus met Juanita by
admin@hnp.org.za

Lesers sê hul sê

Lesers is welkom om kort briewe en menings te stuur aan vandegraafhenk@gmail.com vir publikasie in *Die Afrikaner*. Die redaksie behou ten alle tye die reg voor om briewe te plaas of nie te plaas nie, of om briewe te verkort en taalkundig te versorg. Briewe met 'n lasterlike of kwetsende inhoud sal nie vir publikasie in aanmerking kom nie.

(Red.)

Louis was 'n inspirasie

Dit was vir my 'n groot skok om te hoor dat Louis van der Schyff so skielik heengegaan het en dat sy gesin, familie en die HNP daardeur 'n byna onmisbare steunpilaar verloor het.

Ek is dankbaar dat ek hom geken het, dat ek soveel jare sy vriendskap kon ervaar het. Hy het my telkens geïnspireer deur sy toewyding aan sy taak en sy doelgerigte koersvastheid.

Mag sy voorbeeld vir baie nog 'n voorbeeld wees en bly.

Ek is dankbaar dat ek hom as vriend en as strydmakker leer ken het.

Hiermee wil ek ook my simpatie oordra aan sy gesin en sy mense en hulle sterkte toewens in hierdie moeilike dae terwyl ons terselfdertyd God dank dat Hy ons 'n man soos Louis as vriend en metgesel op ons lewenspad gegee het.

Prof.Dr. AD Pont
Pretoria

Meelewing vanuit Frankryk

Die nuus van die skielike heengaan van die kameraad Louis vd Schyff het my hard getref!

Dit is 'n reuse verlies nie net vir die HNP nie maar vir die Saak van Nasionalisme in die hele Blankedom.

Ek het die voorreg gehad om Louis te ontmoet en met hom bevriend te raak tydens my enkele besoeke in Suid-Afrika. Louis was 'n kragpilaar van Afrikanernasionalisme met sy politieke voertuig, die HNP. Sy werk om die party te organiseer en op te bou was merkwaardig. Hy was deel van die "nommer twee leiers" sonder wie die Volksleiers hul werk nie kon voltooi nie, soos Tom Clark in Ierland, Jean-Pierre Stirbois in Frankryk, Pino Romualdi in Italië, ens.

Ek sal nooit vergeet die vriendelike verwelkoming wat hy my gegee het tydens my bywoning van die 50ste verjaarsdag van die HNP in Pretoria op 25 Oktober 2019. Na my groot verrassing om die medalje vir dié aangeleentheid te gekry het, het ek vir hom gevra "wat het ek ooit gedoen om dié medalje te verdien?" Hy het my gesê: "Ja Doktor, u beteken tog baie vir die HNP..."

"Ich hatt' einen Kameraden, einenbessernkennst du nicht, Erginganmeinerseite, imgleichenschrittundtritt..."

Kameraad Louis vd Schyff... Presente!!!

Dr. Philippe Rault, lid van die HNP
Flamme van verdien van die Front National (Brons)
Frankryk

(Dr. Rault se brief is in Afrikaans ontvang en nie vertaal nie. Red.)

Mensdom verval

My tranebak loop oor. Ek weet baie dinge. Ek het baie dinge gesien. Ek weet hoekom hierdie ellende oor ons Boerevolk gekom het. Ek weet waar lê die foute.

Daar is nie 'n oor begin nie. Die tyd is verby.

Ons voorouers draai in hulle grafte om as hulle moet sien wat aan die gebeur is.

Net 'n handjievol het oorgebly. 'n Klein seuntjie kan dié getal neerskryf. Die mensdom het verval. Die tyd raak ryp.

Weet net drie dinge bly staan:

GELOOF - GEBED - GENEES

Bly blank my Volk! Bly rein! Bly edel!

Christelle van der Walt
Bosveld

Louis se heengaan betreur

My innige meegevoel met die heengaan van Oom Louis van der Schyff weens die Sjinese griep. Ek was jammer om dit te hoor, want dit was baie hartseer nuus. My laaste e-pos aan Oom Louis was Geloftedag.

Baie dankie vir die nuwe brosjure oor ons suiwer-standpunte, en van harte welkom aan al ons nuwe HNP-lede hierdie jaar!

Ons suiwer beginsels is die rede waarom ons vandag nog groei, terwyl die ander (die KP en die NP) lankal verdwyn het.

Ook van harte welkom aan ons nuwe redakteur.

Baie dankie vir ***Die Afrikaner*** en oom Andries Breytenbach se Nuwejaarsboodskap.

Christiaan DeTransvaler
Transvaal

Daarom is strande toe

Dit vat soms maar redelik lank om Cyril en kie se logika agter bepaalde sake te verstaan.

So kon **Sarel** dit vir lank nie uitpluis waarom mense wel in groot getalle in die kusstede op die promenades mag loop of hardloop, maar moet net nie jou voete op die strand direk langsaan sit nie. Dan is Bheki Cele en sy blou bende op jou. Dan word jy gearresteer en gedreig met misdaadrekord en wat nog alles. Wat maak daardie een meter tussen promenade en strand nou verskil?

• *In 'n helder oomblik het **Sarel** dit uitgewerk. Die COVID kom mos in golwe. Die eerste golf het gaan lê, die tweede golf se kruin is ook al verby en daar word al tot derde en vierde golwe verwag. Dit is waarom die strande toe is dat mense kan wegbly van die golwe!*

Gelyke beregtiging?

So gepraat van misdaadrekord: tydens die begrafnis van Jackson Mthembu, het die premier van die provinsie wat voorheen Oos-Transvaal was, Refilwe Mtsweni-Tsipane, nie haar gesigsmasker gedra nie. Dit is net so onvergeeflik as om op strande rond te dwaal.

Maar waar al sowat 13 000 landsburgers gearresteer is omdat hulle geen maskers gedra het nie, word Mtsweni-Tsipane anders behandel. Sy word nie gearresteer nie. Eers vertel sy 'n wolhaarstorietjie oor waarom sy nie die ding gedra het nie, en uiteindelik vra sy om verskoning, gaan polisiestasie toe en betaal 'n boete van 'n R1 500. Haar vingerafdrukke word geneem, en nou het sy ook 'n misdaadrekord.

Dit het **Sarel** onmiddellik laat wonder of dit haar nou nie onbevoeg maak om 'n politieke amp te beklee nie? Wie wil nou deur 'n gevonniste misdadiger regeer word?

Maar haar wolhaarstorie was dat sy nie gevoel het dat die masker gebreek en van haar gesig af geval het nie.

• *Dit verbaas **Sarel** glad nie. Ons het al lank al agtergekom dat die regeringslui gevoelloos is...*

Nuwe masker

Sarel het meegaande skets van 'n vriend uit die buiteland gekry. Dit het seker geen verdere kommentaar nodig nie, en waarskynlik is dit die nuwe masker vir die toekoms.



Maak hulle ministers

Steve Hofmeyr sing 'n liedjie "Maak die Bulle almal Bokke".

Toe **Sarel** die foto sien van die bobbejane wat almal langs die pad sit in die Krugerwildtuin, en netjies voldoen aan Nkosazana Dlamini-Zuma se bepaling van twee meter uit mekaar, het dié liedjie onmiddellik in **Sarel** se gedagtes gekom.

• *Die verband tussen die liedjie en die bobbejane is dat hierdie bobbejane dalk almal ministers gemaak moet word. Dit lyk of hulle meer gedissiplineerd (en dalk geleerd...?) is as die klomp in die Uniegebou.*

Werda Gastehuis

* Akkommodasie in Upington.
* Gratis parkering op perseel.
* Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
* Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
* Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934
admin@werdakamers.co.za

Politieke oorgawe aan die ANC

- Wat was die redes dat 'n suksesvolle en vooruitstrewende Suid-Afrika aan 'n onbevoegde en kommunistiese regime oorhandig is tot vernietiging van Suid-Afrika as Eerste Wêreldland?
- Kon dié vernietigende politieke proses gestuit word?
- Watter rol het die HNP in dié proses gespeel?

Dié politieke geskiedenis is nou in boekvorm en op video beskikbaar.
Hierdie waardevolle en insiggewende politieke geskiedenis van die laaste 50 jaar is van onskatbare waarde vir elkeen vandag en vir die nageslag.

Koop u album, video of geheuestokkie NOU

"Sy doodkry was (nog steeds) nie"

'n Stel van 8 DVD's (ook op 'n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor dié afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer.

Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

R800 per stel van 8 DVD's (netjies verpak) of 'n geheuestokkie.

'n Politieke voëlvlug oor 50 jaar

- Hierdie gedenkalbum beslaan 388 A4-bladsye.
- Dit is op glanspapier gedruk met kleurfoto's.

R600 per boek.

R100 koerierkoste

Bestel by **info@hnp.org.za**